

KEN JOU DORP*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2 Graad 4

3 DORP TOE

4 Module 23

5 KEN JOU DORP

5.1 Aktiwiteit 1

5.2 Om 'n eenvoudige plan te lees [LU 3.3.1]

'N DORPSPLAN

(’n Luisteraktiwiteit)

(a) Kyk mooi na die kaart van die dorp terwyl jou onderwyser vir jou voorlees hoe jy moet loop om vir hom\haar te ontmoet.

Luister versigtig en vergelyk met ’n maat om te bepaal of julle by dieselfde gebou uitgekome het.

*Version 1.1: Jul 1, 2009 10:54 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>




Figure 1

WAAR IS JY?

Ek kon die plek kry. [U+F034] [U+F038]

5.3 Aktiwiteit 2

5.4 Om mondelinge instruksies te gee [LU 2.3.2]

(b) **VOLG MY INSTRUKSIES** ('n Mondelinge aktiwiteit)

Werk nou in groepe van vier of vyf en neem beurte om vir jou maats in die groep instruksies te gee om by 'n sekere gebou uit te kom.

Maak gebruik van die dorpsplan.

Kyk of al jou maats by dieselfde plek uitgekome het.

5.5 Aktiwiteit 3

5.6 Om 'n kort boodskap te skryf [LU 4.2.1]

BY DIE POSKANTOOR

'n Skriftelike aktiwiteit

Iemand verjaar en jou ouers stuur jou poskantoor toe om 'n telegram vir die persoon te stuur. Jy kan self kies vir wie jy 'n telegram wil stuur. Die boodskap moet kort wees, aangesien jy vir elke woord moet betaal.

Bestudeer eers die telegramvorm in julle groepe en bespreek wat julle waar gaan skryf.

Vul nou jou eie telegramvorm in en wys dit vir 'n maat om te lees. Die kontrolelys onderaan sal jou help met die invul van die telegram.

	Binnelandse gramInland gram Tele- Tele-	BEDRAG / AMOUNT	No.
<i>continued on next page</i>			

AANTO		BLOKLETTERS/ <i>BLOCK LETTERS</i>	
VAN:FROM:			
Moenie oor-gesend word nie. <i>Not to be transmitted.</i>	Handtekening van afsender Signature of sender		Adres Address
	Voorletters en van in blokletters Initials and surname in block letters		Telefoonnommer (as daar is) <i>Telephone number (if any)</i>
LW – Postal SA Bpk is nie vir verliese ween die onjuiste oorsending, vertraging of nie-aflewering van telegramme aanspreeklik nie. Onduidelike skrif kan vertraging en onjuiste oorsending veroorsaak.		NB – Postal SA Ltd is not liable for losses owing to incorrect transmission, delay or non-delivery of telegrams. Indistinct writing can cause delays and incorrect transmission.	
Postal SA Bpk Registrasienom.	Postal SA Ltd Registration nr.	208000	
(Postal Print (012)72-1234-91-10 000)			

Table 1

- Skryf die ontvanger se naam, van en adres by die ‘aan’ blokkie.
- Skryf die boodskap kort en duidelik.
- Skryf van wie die boodskap is (sender).
- Plaas jou handtekening in die regte spasie.
- Skryf jou voorletters, van, adres en telefoonnommer.

5.7 Aktiwiteit 4

5.8 Om besighede en hulle produkte te klassifiseer [LU 5.2.3]

BESIGHEDE IN ONS DORP

Woordbou

Knip die dele van die woorde op die volgende blad uit om die name van die besighede in die dorp te bou. Plak die dele in die spasies by die ooreenstemmende leidraad.

vars brood
boeke leen
mediese voorskrif
telegram
biltong, wors
filmvertoning
kruideniersware
klerasie
uiteet
aanklagkantoor
vrugte, groente

Table 2

ruikers, kranse	
stoele, beddens	

Table 3

SLAG	TEEK	MARK	KE
BIO	SU	KEL	MARK
KAN	MEU	WIN	SKOOP
PO	RE	SIE	KEL
POS	MIS	TOOR	KLE
LIO	WIN	BEL	AP
RANT	GROEN	TE	RY
BLOE	RES	TE	BIB
TOOR	TEEK	PER	TAU
BAK	HUIS	LI	KAN

Table 4

6 Assessering

7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

2.3.2 eenvoudige instruksies gee.

8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.3 vir inligting lees:

3.3.1 eenvoudige kaarte en planne lees (soos 'n roete).

9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir 'n sosiale doel skryf:

4.2.1 'n eenvoudige nota of boodskap skryf.

10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

11 Memorandum

11.1 Aktiwiteit 4

- bak-ke-ry
- bib-lio-teek
- ap-teek
- pos-kan-toor
- slag-huis
- bi-os-koop
- su-per-mark
- kle-re-win-ke-l
- res-tau-rant
- po-li-sie-kan-toor
- groen-te-mark
- bloe-mis-te
- meu-bel-win-ke-l